SHOPRITE DOEN STEEDS BETER AS DIE MARK

In die jaar tot Junie 2010 het Shoprite Holdings steeds beter as die mark gepresteer. Sy supermarkbedrywighede in Suid-Afrika het in ’n verslagperiode van 53 weke omset met 14,6% verhoog terwyl die totale mark met 9,6% gegroei het. Volgens die aangepaste inligting wat Nielsen nou gebruik, het die groep 34,4% markaandeel vir die maand van Junie gehad en vir die jaar het dit tot 32,6%, die hoogste van alle supermarkgroepe in Suid-Afrika, gestyg, vanaf 31,4% ‘n jaar gelede.

In sy geheel het die groep, wat voedselkleinhandel, meubel- en franchise-bedrywighede insluit, omset met 13,6% van R59,3 miljard tot R67,4 miljard verhoog. Hierop is ’n handelswins van R3,5 miljard verdien, 18,7% hoër as in 2009.

Verdere besparings is verkry weens die doeltreffendhede in inligtingstelsels en logistieke infrastruktuur, tesame met kostebeheermaatreëls in alle areas van die besigheid en voorraadverliese wat verder verminder het, en het ’n handelsmarge van 5,18% tot gevolg gehad, teenoor verlede jaar se 4,96%.

Die direksie het ’n finale dividend van 147 sent per aandeel verklaar, 13,1% hoër as verlede jaar se 130 sent per aandeel. Dit bring die totale uitkering vir die jaar te staan op 227 sent (2009: 200 sent).

Shoprite se uitvoerende hoof, mnr. Whitey Basson, het gesê die verslagtyd is oorheers deur ‘n tuimelende voedsel-inflasiekoers wat pryse laat terugkeer het tot vlakke van ’n jaar gelede. “Voedselinflasie, soos intern gemeet, het gedaal van 15,8% in 2009 tot ’n gemiddeld van 2,2% in die afgelope finansiële jaar. Dit beteken die groep het reële groei van 11,4% behaal teenoor 8,7% in 2009.”

Basson het gesê hoe dramaties hierdie daling was, blyk duidelik daaruit dat waar in die eerste ses maande tot einde Desember interne voedselinflasie nog gemiddeld 4,2% was, dit in die tweede helfte van die jaar ’n skamele 0,2% beloop het en in die maand van Junie het dit ‘n laagtepunt van -2,3% bereik.

“Hoewel dit goed was vir verbruikers, veral vir diegene in die laer inkomstegroepe, het dit voedselkleinhandelaars wat met beduidend hoër koste-inflasie te kampe gehad het, onder toenemende druk geplaas. Die fokus het gevolglik al meer geval op die verhoging van omset gegrond op laer pryse.

“In die oorsigtyd het die groep voortgebou op sy historiese prysposisionering gegrond op die konsekwente aanbieding van lae pryse op belangrike basiese voedsels. Deur die deurlopende toepassing van weldeurdagte handelstrategiëe, kon die groep nie net die steun van klante oor die spektrum heen behou nie, maar het hy ook sy klantebasis verder uitgebou,” het Basson gesê.

Ondanks die swakker ekonomie het die groep voortgegaan om sy winkelnetwerk te vergroot. Dit het in die verslagtyd ‘n netto 87 afsetpunte bygekry en daarmee sy totale getal winkels in Suid-Afrika tot 1 015 verhoog. Daar is nou 151 buite die land se grense. Die groep beoog om in die nuwe finansiële jaar ’n verdere 85 afsetpunte te open. Die groep het nou 88 000 mense in sy diens, waarvan meer as 10 000 werksaam buite

Suid-Afrika. Die groep het bykans 7 000 nuwe poste geskep in die oorsigtyd en voorsien dat ‘n bykomende moontlike 5 700 poste in die volgende jaar geskep sal word.

Basson het gesê die Suid-Afrikaanse supermarksegment met sy drie hoofkettings - Shoprite, Checkers en Usave - was weer eens dié deel van die besigheid wat die beste gevaar het. Dit het in die 53 weke omset van R53,4 miljard behaal teenoor R46,6 miljard in die 52 weke van die vorige jaar. Daarop is ’n handelswins van R2,8 miljard behaal wat 19,6% hoër was as dié van 2009.

“Die Shoprite-ketting was nog altyd ideaal geposisioneer om te baat by moeilike tye. Die ketting, wat ‘n netto 11 winkels bygekry het, het totale omset met 13,5% verhoog en die waarde per transaksie het met 6,6% toegeneem,” het Basson gesê.

Checkers, wat baie suksesvol vir hoërinkomsteklante geherposisioneer is, het dieselfde omsetgroei – 13,5% - as Shoprite behaal. Dit het die waarde per transaksie met 7,5% verhoog, die hoogste van die drie kettings.

Basson het gesê die Usave-ketting van kleinformaat-supermarkte het gedurende die jaar gegroei teen ’n tempo van byna ’n winkel per week. Dit het hom in staat gestel om omset met 33,5% te verhoog.

Met verwysing na die groep se supermarkbedrywighede elders in Afrika het Basson gesê teen konstante geldeenhede gereken, was omsetgroei gemiddeld 18% in ’n omgewing waarin lae voedselinflasie ook gegeld het. Weens die sterkte van die rand teen die Amerikaanse dollar en die verswakking van die meeste Afrika-geldeenhede waarin die groep sake doen, was die inkomste van R7,2 miljard wat hierdie segment gegenereer het, in rand terme 2,1% laer as die vorige jaar. Weens verbeterde bruto marges was handelswins 17.2% hoër op R486 miljoen.

Met verwysing na die groep se meubelbelange het Basson gesê besteding aan duursame goedere was steeds ’n lae prioriteit vir verbruikers. ”In die aanloop tot die Sokkerwêreldbeker was daar egter in die laaste drie maande van die verslagtyd ’n sterk vraag na televisiestelle met die jongste tegnologie. Dit het gehelp om omset met 16,7% tot R3,0 miljard te verhoog. Verkope in bestaande winkels was 10,9% hoër. Om te kon meeding in ’n hoogs mededingende mark is winsmarges prysgegee met die gevolg dat winsgewendheid afgeneem het.”

Basson het gesê ’n noemenswaardige ontwikkeling gedurende jaar was die verkryging van Transfarm farmaseutiese groothandelaar, waardeur die bevoorradingsketting van MediRite, die groep se aptekersketting, verstewig word. MediRite, wat nou 104 apteke in supermarkte bedryf, het groei op bestaande besigheid van 35% gerapporteer, hoewel van ’n betreklik lae basis. MediRite is nou goed geplaas om sy farmaseutiese dienste uit te brei en lae-prys medisyne te verskaf aan plaaslike en agtergeblewe gemeenskappe met ‘n gebrek aan sulke dienste.

In sy vooruitskouing het Basson gesê in die lig daarvan dat dit die land se ekonomiese herstel steeds aan momentum ontbreek, verwag hy nie dat handelstoestande wesenlik sal verander nie. Stygende insetkoste sal egter mettertyd ’n invloed op kospryse moet hê en hy meen dat voedselinflasie in die tweede helfte van die nuwe finansiële jaar weer sal begin styg. “Ons verwag egter dat omset en handelswins teen min of meer huidige koerse sal bly styg. Ons gaan dus voort om in personeelontwikkeling, nuwe winkels en ons infrastruktuur te belê,” het Basson gesê.

Einde